

Jurie Geldenhuys Hoe skryf môre se skrywers vandag?

Jurie Geldenhuys is 'n taalkundige verbonde aan die Departement Afrikaans, Universiteit van Pretoria.

E-pos: jgeldenhuys@postino.up.ac.za

How do tomorrow's writers write today?

Afrikaans speaking first year students at the University of Pretoria apparently are not very proficient in their mother tongue. This is evident from the results of compulsory language proficiency tests written before they began with their studies as well as from written coursework. In this article some examples illustrating their poor writing skills are presented. Subsequently some findings from a preliminary questionnaire are discussed. The aim of the research was to identify possible factors responsible for the poor language proficiency of these students. Lack of language competence is illustrated by no less than ten variations for the spelling of the Afrikaans word *geïnteresseerd* (interested) and eight different variations in the introduction to a letter addressed to *Beste professor Van der Merwe*. Numerous able researchers hold that there is a definite connection between good language proficiency and reading. This matter will be discussed briefly.

Inleidend

Die woord "skrywers" in die titel moet beskou word in die wye sin van die woord en nie as sou dit slegs verwys na skrywers van literêre tekste nie. Dit gaan hier met ander woorde oor enige vorm van skryf. Die doel van die artikel, wat aanvanklik tydens die 2002 tweejaarlikse kongres van die Afrikaanse Letterkundevereniging voorgedra is, is verder nie om oplossings te bied vir dit waaroor die artikel hoofsaaklik handel, naamlik die swak taalvaardigheid van studente nie, maar eerder om die aandag te vestig op die probleem. Wat met hierdie artikel beoog word, is om die leser weer eens bewus te maak van hoe swak studente se taalvaardigheid in werklikheid is deur 'n klompie voorbeelde van studente se skryfwerk voor te hou, asook om enkele bevindinge uit 'n voorlopige vraelysondersoek mee te deel. Ten slotte sal enkele moontlike redes vir die swak skryfvermoë van studente kortliks bespreek word.

Uitsprake oor die swak taalvaardigheid

Uitsprake oor die swak taalvaardigheid van studente is niks nuuts nie. So ver terug as in *Die Huisgenoot* van 16 Januarie 1959 tref ons die volgende uitspraak van "Dosent" aan:

’n Groot aantal van die eerstejaars hanteer die taalinstrument op ’n manier wat ons nie anders as skrikwekkend kan noem nie. Uit hulle taalgebruik moet mens aflei dat hulle nog nie weet hoe om te redeneer en suiwer te dink nie. ’n Mens vra jou dikwels af hoe dit gekom het dat sulke mense in die hoogste eksamen van die skool geslaag het, gesien veral dat die goeie gebruik van die twee landstale ’n eerste vereiste vir die kandidaat is om te kan slaag.

In 1964 het H. Venter onder andere die volgende te sê gehad oor die beheersing van hulle moedertaal deur kandidate wat die matrikulasie-eksamen afgelê het:

Jare lank vra ons wat te doen kry met die kind wat die Matrikulasie-eksamen afgelê het ons af hoekom die beheer oor en die hantering van die moedertaal by hulle so agteruitgegaan het. Ons kan maar nie begryp dat leerlinge wat die hoërskool deurloop het, nie kan spel nie, nie behoorlik sinne kan skryf nie, nie leestekens kan gebruik nie, elementêre dinge in verband met die taal nie weet nie.

Volgens Webb (1991: 3) kan, wat die taalvaardigheid van skoolverlaters betref, ook verwys word na enkele uitsprake wat gedurende 1980 gemaak is tydens ’n seminar oor tale en taalonderrig by die RGN wat in die verslag van die RGN se *Werkkomitee: Tale en taalonderrig* (1981) opgeneem is: “Entrants have managed to matriculate when they are unable to communicate in their first language” (Komitee van Universiteitshoofde aangehaal in Webb, 1991: 3). Webb (1991: 3) gaan voort en dui aan dat volgens die Komitee van Universiteitshoofde “Die skryfvermoë van ’n groot aantal studente (...) veel te wense [oorlaat] en doelgerigte pogings (...) aangewend [moet] word om die duidelike en logiese formulering van gedagtes op skrif reeds op skool aan te kweek.”

Alhoewel hierdie uitsprake volgens Webb net verwys na studente se praat- en skryfvermoë kan dieselfde egter ook na sy mening gesê word van hulle luister- en leesvaardigheid. Hy is dieselfde mening as Chick (1988) toegedaan ten opsigte van studente se onvermoë om selektief en evaluerend te lees, en om leesstof toereikend te kontekstualiseer (Webb, 1991: 3). Laasgenoemde uitspraak staaf ook die volgende stelling uit die RGN se *Werkkomitee: Tale en taalonderrig*: “Kommer word uitgespreek oor die afname in leesvaardigheid en leesgewilligheid. Die leesaangeleentheid moet besondere aandag geniet tydens die opleiding van taalonderwysers” (aangehaal in Webb, 1991: 3).

Webb (1991: 3) sê ook verder:

Die onderrig van Afrikaans as eerstetaal op skool word vry algemeen deur belanghebbende partye gekritiseer. Skoliere rapporteer dat Afrikaans as vak vervelig en onbelangrik is, dosente in die Afrikaanse taalkunde aan tersiêre opleidingsinrigtings beweer dat hul studente vakkundig nie bevredigend toegerus is nie en werkgewers wys daarop dat skoolverlaters wat by hulle in diens tree, nie daartoe in staat is om hulle gedagtes op effektiewe wyse in Afrikaans uit te druk nie.

Meer resent skryf Rademeyer (2001: 1) dat volgens Christo van Rensburg, Direkteur van die Eenheid vir die Ontwikkeling van Taalvaardigheid aan die Universiteit van Pretoria, 'n derde van alle eerstejaars aan die UP remediëring in taal kry. Van Rensburg noem verder dat daar in 1998 met die ontwikkeling van eerstejaars se taalvaardigheid begin is nadat vasgestel is dat hul onvermoë met taal hul prestasie belemmer. Van Rensburg sê hy was verras dat sowat 2 000 van die 6 000 eerstejaars wat moedertaal- en niemoedertaal-sprekers insluit, 'n taalvaardigheid het gelyk aan dié van 'n graad 8 leerling of selfs laer. Hy sê verder dat in 'n steekproef wat gedurende 1999 onder moedertaal- en niemoedertaalsprekers uitgevoer is, bevind is dat uit 2 161 studente met Afrikaans as moedertaal 1 723 (80%) se taalvaardigheid gelê het op die vlak van graad 11 en 12 of hoër, terwyl altesame 437 (20%) se taalvaardigheid gelê het op die vlak van graad 8, 9 of 10 en laer.

Voorbeelde van die swak taalgebruik van studente

Vooraf is daar nou 'n paar uitsprake gegee oor die swak taalvaardigheid van studente, maar op grond waarvan word dié uitsprake gemaak? Vervolgens word 'n klompie voorbeelde van die swak taalgebruik van studente, wat aan toetse en ander skryfstukke onttrek is, gegee.

Spelfoute uit skryfstukke

Die volgende spelfoute is verkry uit skryfstukke waarin studente moes aandui waarom hulle vir 'n spesifieke graadkursus aan die Universiteit van Pretoria ingeskryf het:

Die fakulteit geneeskunde, die universiteit van Pretoria, inttersante, wetenskaplikke, prograam, professers, omligende, profesionele, fassiliteite, gebasseer, voort vaarende, definitief, kurses, intresant, intusiasties, boekkies, eenigste, om rede, eenige, interresant, Vee-arts, Kolledge, vermoë, gehaat [nie 'n keuse ...], karakterastieke,

wankelingde [... ekonomie], intensiewe, saal, onderig, bo genoemde, intelligente, Actuaris, universiteit, vakulteit, professor, gekwaliefieseerde, praktyd, speit, spesefiek, wetenskappe, gegloo, invormasie, aanbiet, gloo, basus, soodat, ordentlik, kreatiewietyt, veleede, gehaad, glat, ongelukkig, belangrekheid, volg, gelukkig, biggin, pat, programmeering, trug, grood, alteid, terselfdetyd, interessante, interreseur, maseur, komentaar, vroë, prokureur, interressant, vaandat, geïnteresseerd, as silks, aanbieding, interrisant, interrisante, idea, her kenning, spesaliseer, programmetuur, geïntreseerd, finasies

Die volgende voorbeelde is verkry uit 'n klastoets wat die vorm aangeneem het van 'n leesstuk met vrae daaroor:

beestee, gesogde, smaakie, tradisionele, speit, Teuniskraal (Theuniskraal), sensetiewe, uitmintende, toeruste (toeriste), gehaalte, tradiesie, drywe (druwe), sonbessies (-besies), bestuur (bestuur), sukel, vooraade, profisioneele, ongelooflike, invormatiewe, tex, statebont, die selfde, virskillende, wonderlike, jonkste, bedreiwige, toekening, grote (grootte), spuit (spyt)

Spelfoute gemaak tydens speltoets

Vervolgens word voorbeelde verskaf van spelfoute wat gemaak is in 'n vooraf geskeduleerde speltoets:

Ambassadeur, ambasadeur (3), ambasideur, Beste professor van der Merwe (2), Beste Professor van der Merwe (2), Beste profesor van der merwe, feestelike (2), finansieël (2), finansiël, geïntereerd, geïntereerd, geïntreseerd, geïntreseerd, geïnterriseerd, geïntreseerd, geïntereert, intresant, interressant, intterresant, Japanees (4), japanees, Japanêes, konfensionele (2), Kwê-voël, monikke (2), monnikke (2), Monnekke, onmiddelike (5), onmiddelike, sjokolade (2), sjokkolade, chokolade, sosialisme (5), Spanjaardt, Spaanjaard, staduim (2), straat op, straat-op (3), verdubbeling

Beste Professor van der Merwe (3), Beste professor van der Merwe (2), Beste Professor van der Merwe, Beste Profesor Van der Merwe, Beste Professor Van der Merwe, Beste Professor Van der Merwe, Beste Proffessor van der Merwe, Beste Proffesor Van der Merwe (2), Japanees (12), japanees, finansieël (7), finansiël (4), onmiddelike (8), onmiddelike (3), interesant (2), interressant, interresant, geïntereerd (4), geïntresseerd (3), geïntereerd (2),

geïnteresseerd, geïntreseert, geïntreseerd, oud-tukkie (6), straat op (4), straat-op (6), noord Afrika, Noord Afrika, sosialisme (5), shosialisme, spanjaard (2), Monike (2), monike, monikke (2), monnikke (2), monneke, chocolade, tjokolade, shokolade, kwevoël (8), feestelike, confensionele, konfensionele, konvensionele, verdubbeling, staduem

(Die getal in hakies na elke woord dui op die aantal studente uit 'n totaal van ongeveer 50 wat die woord op dié spesifieke manier gespel het.)

Uitdrukings

Die volgende uitdrukings of semi-uitdrukings is verkry uit antwoorde op 'n begripstoets oor die wynplaas Neethlingshof:

Dié wêreldbekende wyn het al twee internasionale wyn toekennings verwerf en is nog sterk aan die loop; As gevolg hiervan is die land uniek waarop drywe mee geboer word en gee slegs die beste; 'n ligte verfrissende en smaaklike witwyn word deur hierdie broers se karakter weerspieël; Kom deel 'n tydjie hemel saam met die Jordaan's... ; Russtellende stilte en sonbessies in 'n koor ...; Dié riesling het in 1950 op die Statebondwynskou sy eerste toekening behaal. Dit het ook nie daar tot stilstand gekom nie; ... en die atmosfeer sal altyd by jou by bly; Alhoewel oud, het dié plaas 'n unieke geskiedenis en verkwansel mense hul harte sowel as hul siele in dié plaas; Die wingerdplaas net noord van Tulbagh vat die mens terug na die plek waar David die wortels geplant het.

Langer skryfstukke

Die volgende voorbeelde is onttrek aan langer skryfstukke waar studente die keuse gehad het om 'n werkstuk van minstens tien bladsye te skryf oor 'n onderwerp van hulle keuse:

Japan het 'n moderne en hoë vervoer sisteem, insluitend hoofpaaie, treinspore en kustelike skepe. Japan reik tweede, naas die Verenigde State, in gerigestreerde passiesierskarre. Japan se vloot in totaal het ongeveer 40 miljoen kruistonnels net Liberia en Panama het 'n langer vloot.

Vincent van Gogh was tog een van die wereld se grootste en definitief die mees bevange Kontemporere kunstenaar van die Nentiende eeu. Sy kunswerke word nou "elektries" en sy skilderye

begin om te skitter. Hy behaal ook 'n nuwe ekspresiewe gebruik van kleur wat dan te sien is in "Nag Kafee".

Gaguin was egter 'n erg Rusiese karakter, dit was in teen stelling met Van Gogh en die verhouding het egter nie lank gehou nie. Kuns studente reg oor die wereld admireer sy werk en ek verwag dat dit vir 'n lang tyd voretot nogsteeds, as nie meskien nog meer, admirasie vir sy werk sal kry.

Die probleme wat ondervind is, is as volg: daar is nie genoeg huisvesting nie, te min parkeering, mens find bitter min baat uit die verwelkomings week, die rooster boek is onbruikbaar, die lokale is moeilik om optespoor, mense is onbewus van die mediese dienste en die administrasie is baie moeilik.

Voorbeelde uit 'n regsmodule

Dosente in ander fakulteite aan UP is ook bekommerd oor die swak taalvaardigheid van studente en die volgende voorbeelde is deur 'n dosent wat *Regsuitleg 210* aanbied uit skryfstukke van studente versamel:

- Wisselvorme vir "interpretasie":
intepetasie, intepretasie, entrepetasie, intirpritasie, intripitasie, entripitasie, interpetasie, geintrepateur
- Wisselvorme vir "publikasie":
publiekasie, publisasie, bupliseer, puplisiteit
- Ander wisselvorme:
minisipaliteite/minusiepaliteite
komisies/ kommiesies
fondamentele/fundimenteले regte
statusionêre in plaas van statutêre
die vyte van die saak

Moontlike oorsake vir die probleem van swak skryfvaardigheid

Misleidende matrieksimbole

Kyk 'n mens na bogenoemde voorbeelde sal jou eerste reaksie heel waarskynlik wees dat dié voorbeelde seer sekerlik kom uit die skryfstukke van studente wat ook op skool baie swak presteer het in die vak Afrikaans. Uit 'n voorlopige vraelysondersoek wat gedurende 2001 uitgevoer is onder 'n proefgroep Afrikaansmoedertaal-eerstejaarstudente wat nie die taalvaardigheidstoets wat alle nuwelingeerste-

jaars aan die UP aan die begin van hulle studies moet skryf, geslaag het nie, het geblyk dat hulle die volgende simbole vir Afrikaans (Hoër Graad) in hulle matriekeindeksamen behaal het:

A:	21	=	10,7%
B:	39	=	19,8%
C:	99	=	50,2%
D:	37	=	18,8%
E:	1	=	0,5%

Wat hier heel opmerklik is, is dat 30,5% van die respondente òf 'n A- òf 'n B-simbool vir Afrikaans (Hoër Graad) in matriek behaal het, en 80,7% van die respondente 'n C-simbool (m.a.w. minstens 60%) en hoër. Slegs 19,3% het 'n D-simbool en laer behaal. Volgens Willemse (2001) glad nie "slegte simbole" nie, maar soos hy dit verder stel: "Tog het universiteitsowerhede hulle lankal daarby berus dat die matriek-simbool as 'n aanduider van toekomstige prestasie min werd is."

In aansluiting hierby is Van Rensburg (2001: 1) van mening dat dit duidelik is dat die M-telling van 'n student nie noodwendig met sy taalvaardigheid verband hou nie. Hy meen ook dat die gebrekkige taalvaardigheid by skoolverlaters universiteite gaan dwing om eie toelatingsvereistes te ontwikkel wat nie slegs op taalgebruik sal fokus nie, maar ook sal kyk na motivering en aanleg.

Bedenkinge is al by vorige geleenthede uitgespreek oor die groot aantal onderskeidings wat skoliere deesdae op skool behaal en dan kry 'n mens uitsprake soos dat skoliere nie regtig geleer word om selfstandig met 'n vak om te gaan nie, maar slegs eksamengereed gemaak word.

Kyk 'n mens boonop na die groot aantal studente wat 'n onderskeiding ('n A-simbool) of 'n B-simbool in Afrikaans in matriek behaal het en dan nog steeds in die taalvaardigheidsklasse aan die Universiteit van Pretoria sit, kan jy geneig wees om dalk 'n vraagteken te plaas agter die geldigheid van dié talle onderskeidings.

Om te sien of daar enige waarheid daarin steek dat daar soms beweer word dat leerders slegs eksamengereed gemaak word, is aan die respondente gevra of hulle van mening was dat taalonderrig op skool neerkom op afrigting vir die eksamen. Uit 'n steekproef van 196 was die reaksie soos volg:

Ja:	136	=	69,4%
Nee:	60	=	30,6%.

Die meeste respondente was met ander woorde van mening dat hulle wel afgerig word vir die eksamen. Om te verseker dat hulle die vraag reg verstaan het, is hulle gevra om hulle antwoord te motiveer.

Vervolgens enkele van die opmerkings wat die respondente wat “ja” geantwoord het gemaak het (die presiese weergawe van die respondente se antwoorde word gegee):

- Maak ons slegs eksamengereed;
- Veral as dit by die voorbereiding van matriekeindeksamen kom word die onnodige gedeeltes uitgelaat;
- Alles wat gevra was in die eksamens was vir ons gegee om te leer;
- Voorgeskrewe werk het nota's bygehad wat mens soos 'n papegaai moes leer;
- Net die eksamenwerk is deeglik behandel;
- Vrae wat jy in eksamen kry is deur die loop v.d. jaar met jou behandel;
- Ja doen net die werk om deur die jaar te kom;
- Werk in klas word in eksamens gevra;
- Voorbeelde in klas word meestal getoets in eksamen;
- Daar is nie met ons die hele sillabus behandel nie;
- Doen net die nodige werk vir 'n hoër slaagsyfer;
- Ons is slegs geleer wat in die eksamen gevra sou word;
- Die onderwyser beklemtoon meer die belangrike werk wat hulle weet altyd gevra word;
- Vrae wat ons weet in die eksamen gaan wees is behandel;
- Minder NB. werk is gelos;
- Skole stel net belang in hoeveel onderskeidings hulle kry en nie op so ernstige toekomsgerigtheid nie;
- Vir onderwysers is die uitslae die belangrikste;
- Want hulle berei jou voor vir wat moontlik gevra kan word;
- Doen slegs die werk wat ons in die eksamen gaan kry;
- Slegs vrae wat in eksamen gevra word, word op gelet;
- Net sekere aspekte van sillabus is behandel;
- Werk net op dit wat in eksamen gevra gaan word.

Die respondente wat “nee” geantwoord het, het onder andere die volgende opmerkings gehad (weer eens die presiese weergawe van die respondente se antwoorde):

- Onderwysers het leerlinge op 'n manier voorberei sodat jy enige iets in eksamen kan verwag;

- Onderwysers het ingegaan op baie besonderhede;
- Ons het baie meer dinge gedoen as wat die vraestel gevra het;
- Was op alle vlakke goed onderrig adisionele onderig ver verbreedte kennis is ook aangebied;
- My onderwyser het die vak baie geniet en dus alles moontlik met ons behandel;
- Alles gedoen of dit in eksamen gevra is of nie;
- Ons het in beide prosa en poesie baie meer gedoen as wat die sillabus vereis, ten opsigte van jou persoonlike taal verryking;
- Alle werk was bedek deur die jaar;
- Ons het werk deeglik gedoen en het alles behandel;
- Vak is so volledig en interessant as moontlik aangebied Nee, ons afrikaans was baie volledig;
- Die sillabus is volledig met ons deur gewerk;
- Ons het alle werk klaar behandel en niks uithelaat;
- Meer as gewone sillabus gedoen in jaar;
- Dis om jou voorteberei vir wat jy kan verwag en nie wat jy gaan kry nie!!;
- Sy het dit ook interessant gemaak en ekstra moeite gedoen.

Wat 'n mens verder bekommer, is dat leerlinge wat die skool verlaat onder die illusie verkeer dat hulle taalvaardigheid op 'n hoë vlak is as gevolg van die uitstekende matrieksimbole wat hulle behaal het en dat hulle dan nie kan verstaan waarom hulle, wanneer hulle by die Universiteit van Pretoria inskryf en die taalvaardigheidstoets aflê, die toets druip nie.

Verband tussen lees en taalvaardigheid

'n Verdere faktor wat moontlik 'n rol kan speel in die swak taalvaardigheid van skoolverlaters is die volgende: Talle kundiges is dit eens dat daar 'n groot verband bestaan tussen goeie taalvaardigheid en lees. Om meer uit te vind oor die respondente waarop die reeds genoemde vraelysondersoek uitgevoer is se leesgewoontes is daar in die eerste plek aan hulle gevra of hulle daarvan hou om Afrikaanse boeke en tydskrifte te lees. Hierop het 77,7% uit 'n totaal van 197 respondente bevestigend geantwoord, terwyl 22,3% verkies het om nie Afrikaanse leesstof te lees nie. In die tweede plek is ook aan die respondente gevra hoe dikwels hulle verskillende tipes leesstof wat daar in Afri-

kaans beskikbaar is, lees. Die reaksie op dié vraag word in die volgende diagram weergegee:

	Afgelope week	Afgelope maand	Afgelope jaar	Afgelope 3 jaar	Nog nooit nie
<i>Beeld</i>	52,5%	33,7%	9,2%	3,1%	1,5%
<i>Rapport</i>	43,4%	33,3%	14,7%	6,1%	2,5%
<i>Huisgenoot</i>	55,1%	30,3%	10,1%	3,5%	1,0%
<i>De Kat</i>	4,4%	10,9%	21,9%	30,6%	32,2%
<i>Insig</i>	4,9%	10,9%	11,55	24,0%	48,6%
<i>Finansies & Tegniek</i>	6,1%	19,3%	11,6%	20,4%	42,6%
Kortverhaal	15,7%	25,1%	39,8%	18,3%	1,1%
Roman	9,4%	17,8%	33,0%	31,4%	8,4%

Figuur 1: Hoe onlangs het jy die volgende in Afrikaans gelees? (Proefgroep: 198).

Uit bostaande tabel blyk dit baie duidelik dat lees, veral as dit meer omvattend is as om net 'n koerant of populêre tydskrif deur te blaai, nie baie gewild onder die respondente is nie. *Huisgenoot* blyk die gewildste leesstof te wees, maar bitter min van hulle stel belang in die meer populêr-wetenskaplike tydskrifte soos *De Kat* en *Insig*. Slegs 'n gemiddeld van 32% het gedurende die afgelope jaar voorafgaande aan die ondersoek een van genoemde tydskrifte onder oë gehad, terwyl 'n gemiddeld van 40% nog nooit een van dié tydskrifte onder oë gehad het nie. Alhoewel 45% van die respondente wat die vraelys ingevul het, ingeskryf is vir 'n graadkursus in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswese is dit opvallend dat slegs 25% van die respondente (en dit kan natuurlik studente uit ander fakulteite insluit) gedurende 'n tydperk van 'n maand 'n tydskrif soos *Finansies en Tegniek* gelees het. 'n Mens sou tog immers van studente wat in 'n ekonomiese rigting studeer, kon verwag om belangstelling te toon oor wat in die ekonomiese wêreld aan die gang is.

Wat egter die verontrustendste afleiding uit bogenoemde data is, is dat 8,4% van die respondente aangetoon het dat hulle nog nooit 'n roman gelees het nie en dat 31,4% die afgelope drie jaar nie 'n roman gelees het nie. Trouens, tydens die invul van die vraelys wou sommige van die respondente weet wat 'n roman is! Wat nog ontstellender is, is dat hierdie proefgroep pas uit matriek gekom het. Die vraag wat dan onwillekeurig by 'n mens opkom, is of skoliere dan deesdae matriek kan slaag en klaarblyklik ook onderskeidings kan kry sonder dat hulle

eers hulle voorgeskrewe boeke gelees het. Daar word tog immers minstens een roman as deel van hulle voorgeskrewe werk gedurende hulle laaste skooljare voorgeskryf.

Die vermoede bestaan dat studente se gebrekkige leeservaring deels, maar selfs ook in 'n hoë mate, verantwoordelik is vir hulle powere taal- en skryfvaardighede. Daarom word daar beoog om in 'n opvolg-vraelysondersoek baie meer items in te sluit wat groter lig sal werp op studente se leesgewoontes.

Hoekom lees vandag se jeug nie meer nie? Tydens 'n oop gesprek met Afrikaansonderwysers tydens 'n Lenteseминаar wat die Departement Afrikaans aan UP in September 2001 aangebied het, is die volgende as moontlike redes genoem:

Skoolbiblioteke en sogenaamde mediakamers word verklein en selfs heeltemal mee weggedoen en in sommige gevalle vervang deur onthaallokale; voorgeskrewe handboeke/ teksboeke word uitgefaseer en vervang met afgerolde aantekeninge; leerlinge word voorsien met eksamenhulpboeke en daarom word die voorgeskrewe romans of kortverhale nie meer gelees nie; in sommige gevalle is van die voorgeskrewe werke ook beskikbaar op video; voorgeskrewe boeke hou nie tred met die belangstelling van die leerlinge nie; die meeste ouers van leerlinge werk albei en aangesien daar dan nie toesig is nie, word die meeste van die leerlinge se vrye tyd voor die TV deurgebring.

Heel aan die begin is gesê dat die doel van dié artikel nie is om oplossings te bied vir die probleem van swak lees- en skryfvaardigheid nie, maar die volgende uitsprake bied stof tot nadenke. Tydens die *Voices in Action*-skrywers-konferensie wat gedurende 2002 in Pretoria gehou is, was daar uitsprake soos die volgende wat gedui het op moontlike oplossings vir veral die probleem van gebrekkige leesvaardigheid: Benewens die skep van boeke moet strukture ook tot stand gebring word waardeur almal toegang tot boeke het. Verskeie stemme op die konferensie het opgeklank vir meer en beter toegeruste biblioteke om die saak van die boek te bevorder. Dié biblioteke moet deur kundiges beman word en moet ook saans oop wees.

Volgens Nieuwoudt (2002: 13) was me. Cynthia Hugo van mening dat die hele skoolleerplan deur die letterkunde onderbou moet word en het gesê:

Onderwysers moet geleer word hoe om die letterkunde in die klas te gebruik en 'n liefde vir lees by kinders vestig. (...) 'n Lees-

kultuur kan ten beste geskep word as die hele gemeenskap, onder wie onderwysers en ouers, betrokke is by leesprojekte. (...) As onderwysers geleer kan word om die onderrig van letterkunde te geniet, sal dit deursyfer na die gemeenskap. (...) Dis nodig dat onderwysers blootgestel word aan letterkunde van die beste gehalte. As hulle wonderlike materiaal het om mee te onderrig, sal daar 'n drastiese verandering wees in die onderrigsituasie.

En dit is waar universiteitsdosente aan departemente Afrikaans wat voornemende onderwysers moet oplei in die Afrikaanse letterkunde, maar ook in die taalkunde dalk (miskien eerder) 'n taak het. Reeds in 1984 het Hans du Plessis die volgende in hierdie verband gesê:

Die basis vir taalbeheersing en leesliefde is immers kennis van die struktuur (...) leerlinge [moet] dit ook gebruik in die stelwerk- en letterkundevraestel. (...) geen mens kan 'n ordentlike opstel skryf of 'n gedig analiseer of 'n roman waardeer of 'n drama hanteer of taal beheers, sonder 'n grondige kennis van die fonologie, morfologie en sintaktiese struktuur en die semantiese implikasies daarvan nie.

Dit wil voorkom asof talle onderwysers ook bekommerd begin raak oor die swak taalvaardigheid van leerlinge en 'n paar onderwysers aan van die groter skole in Pretoria het reeds met dosente in Afrikaans aan die UP geskakel om te kyk of daar nie iets aan die situasie gedoen kan word nie. Die eerste samesprekings in dié verband het reeds vroeg in November 2002 plaasgevind en die Eenheid vir die Ontwikkeling van Taalvaardigheid aan die Universiteit van Pretoria beoog om gedurende 2003 'n seminar oor hierdie aangeleentheid te hou.

Bronnelys

- Dosent. 1959. Swak Afrikaans van studente. *Die Huisgenoot*, 16 Januarie.
- Nieuwoudt, S. 2002. Dilemma skuil in SA boekblaaie. *Beeld*, 10 Julie, 13.
- Rademeyer, A. 2001. Studentetaal skok. *Beeld*, 17 Julie, 1
- Venter, H. 1964. Stelwerk. *Onderwysblad*. LXX:774, April, 23.
- Webb, V.N. 1991. Taalkunde en taalonderrig – 'n noodsaaklike gesprek. In Webb & Beukes, A-M. (Reds.), 1991. *Eerstetaalonderrig in die soeklig*. Pretoria: Academica, 3-25.
- Willemsse, H. 2001. Vrot met die taal – studente skryf 'glat, alzeit, interrisasnte'. *Beeld*, 11 September, 8.